9 Junie 2019 — Pinkster

Welkom by vandag se erediens!

Vandag se program	
Predikant	**Ds. Francois Human**
Orrelis	**Johann Enslin**
Dienswerkers	**Bennie en Jaco van der Merwe**
09:30	**Erediens**
10:45	**Kategese**
19:00	**Aanddiens: Moederkerk**

Pinksterfees

Deuroffer:

Alta du Toitskool

ALTA DU TOIT
NASORGSENTRUM | AFTERCARE CENTRE

Biddag vir Jeug en Kategese

Dankie

Pietman Funksie

Graag gee ons terugvoering oor die inkoste en uitgawes rakende hierdie funksie.
Die totale inkomste was R175 175 en totale uitgawes R52 294, wat ons laat met ‘n wins bedrag van R122 881. Die veiling het R51 375 opgelewer en verkoop van kaartjies R123 800.

Nogmaals BAIE DANKIE aan elkeen wat net spontaan gereël, gehelp, gegee en meegedoen het om van die funksie so ‘n groot sukses te gemaak het.

Baie dankie!

BAIE DANKIE vir verlede Sondag se bankkollekte van R 6 292 en Bediening aan Dowes van R 2 660. Chriszelda van die Bediening aan Dowes is oorstelp van vreugde teenoor ons gemeente vir die donasie en is dankbaar vir getroue bydraes.

thank you ☺

Belangrik

Bybelskool vanaf Dinsdag 18 Junie tot Vrydag 21 Junie by Wellington-Oos vir graad 3-6 leerders.
Skakel hul kerkkantoor vir navrae by 021 8732690.

KERKRAADSVERGADERING:
Maandag 10 Junie om 19:00 in die konsistorie.Notules daarvoor is beskikbaar in die konsistorie.

Sabatsverlof

Ds Francois sal 'n maand met Sabbatsverlof wees vanaf Sondag 16 Junie tot Vrydag 12 Julie. Pastorale Sielkundige, George Conradie sal die volgende vier Sondae se prediking waarneem. Baie welkom aan hom!

Woordskool

Elke tweede Dinsdagaand om 18:30 of Woensdagoggend om 09:30 kuier ons saam rondom die Bybel. Soms reis ons deur 'n aantal tema's, ander kere werk ons deur 'n bepaalde Bybelboek of ons doen 'n 40-dae reis. Enige persoon wat wil groei in hul geloof, hier is jou kans. Ons dink saam, vra vrae en soek ook saam na antwoorde. Ons volgende geleenthede vir 2019 is Dinsdag, 11 Junie om 18:30 en/of Woensdagoggend 12 Junie om 09:30 in die konsistorie. Kies gerus of die aand of oggend vir jou die beste sal pas.

Hierdie instansie is vir mense wat intellektueel erg gestremd is. Alle kulture word die beste geleentheid gegee om volgens sy/haar unieke vermoë en teen hy/sy eie tempo te ontwikkel. Die leerders is hier omdat hulle nie kon byhou in die hoofstroomonderwys met akademiese vakke nie. Daarom is die fokuspunt hier verskuif. Hulle doen wel funksionele lees en wiskunde en leer skryf – die wat kan. Vaardighede soos selfversorging, sosiaal aanvaarbare gedrag, kom-munikasie en produktiewe vaardighede (mandjievlegwerk, borduur, koekies bak, tuinwerk) word egter baie beklemtoon. Daar is 3 koshuise vir leerders wat van ver kom en daar is bussies wat dagskoliere vervoer. Die nasorgsentrum maak voorsiening vir volwassesnes. Hulle vaardighede word optimaal ontwikkel met die hulp van 'n maatskaplike werker en arbeidsterapeute..

Preekopsomming

2 Junie 2019 - Psalm 97 - Daar is 'n rede

Die Griekse Teologie verduidelik graag hoekom sekere dinge gebeur. Daar is 'n behoefte by mense om te verklaar en sekere goed te verduidelik.As jy 'n fliek kon maak wat sou jou tema wees / hoekom skryf jy daardie spesfieke lied?Dalk het iets gebeur in iemand se lewe – dit is die rede vir die skrywe van 'n spesifieke lied. Dalk vra jy vrae oor die lewe – dit is dalk die tema van die fliek. Dan is daar 'n opsie van die storie agter die skerms. Mense wil graag weet.Ps 97 sê ook daar is 'n rede hoekom ek die psalm skryf. Dit is lekker om die storie agter die storie te hoor. Daar is 'n rede agter 'n storie – hoekom sekere dinge gebeur.Daar is 'n rede hoekom mense optree soos hulle optree. Ons loop soms met 'n teleskoop en 'n filter vir gehoor. Ons moet vir die Heilige Gees vra om ons teleskoop bril stukkend te breek en gehoor filters te verwyder om sekere dinge te hoor wat U en ander mense regtig vir my wil sê.Wil U nie saam bid vir die Here om ons teleskoop bril en filter te verwyder dat ons kan sien en hoor. Watter lied sou jy graag wou skryf/sing vir die Here? God is aan die werk en is daar 'n rede hoekom jy hier op aarde is. Mag dit wees dat die Here ons sal help om die storie agter die storie te ontdek.

Pinkster – Musiek, Fliek & Geloofsmosaïek

2 Junie	**Van watter musiekstyl hou jy? Watter fliek sal jou bybly?** Partykeer assosieer jy jou met 'n fliek. Die Here sal ons help om nie net stukke te maak wat ons wil sien en hoor nie, maar ander karakters / omstandighede bepaal watter lied jy sing. Wat van die Kerk van Christus se lied en fliek? Ons kan dalk by ander mense se verhale aanhaak. Gal 6:2 "Dra mekaar se laste, en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus". Dalk kan jy 'n storie vertel. Enkeling, vreemdeling, verstoteling....1 Kor 12:1"Wat die gawes van die Gees betref broers, wil ek hê dat julle ingelig moet wees". Dalk leef jy in 'n droom hoe Wellington-Noord moet wees. Leef jou genadegawes ten volle uit – so vul ons mekaar aan. Die liedjie "en ons sê almal so" sê dat daar so baie dinge is wat ons in gemeen het. Maar om deel te wees van 'n orkes moet elkeen op 'n ander manier die Here kan loof en prys – maar ons is saam 'n groot orkes. Ons is nie enkeling, vreemdeling, verstoteling nie, maar deel van God se Kerk. Jy is nodig. God het my gevorm om die lied te sing – ons kan nie stilbly nie.
3 Junie	**Nou verstaan ek 'n stukkie van my lewe** Ek is deel van God se orkes/fliek. Ek gaan gemis word as ek nie daar is om my rol te vertolk nie. Daar is 'n klomp kleiner flieks binne in 'n groter fliek. Ons verstaan, of gladnie hoekom 'n persoon se fliek so lyk nie. 1 Kor 13:11"Toe ek 'n kind was het ek gepraat soos 'n kind, gedink soos 'n kind, geredeneer soos 'n kind. Maar noudat ek 'n man is, is ek klaar met die dinge van 'n kind. Nou ken ek net gedeeltelik, maar eendag sal ek ten volle ken soos God my ten volle ken". Wat is goed / sleg van die lewe? Ons lag te min – so bang om foute te maak. Tussen vriende is daar al mense wat baie foute gemaak het. Ons herinner mekaar gereeld aan die foute, maar as ons ruimte aan mekaar gee om foute te kan maak, sal die lewe soveel makliker wees – toe val lig op die onderwerp. Ons verstaan nie die vrou wat niks sê nie, hard lag ens. Daar is 'n klomp dinge wat ons nie verstaan nie. Trek op die handbriek – moet nie te vinnig oordeel nie. Wees stadig om afleidings te maak. Julle weet nie so alles nie. Wees stadig om afleidings te maak. Stadiger om te praat, maar vinniger om te luister en te hoor. Ek wil inklim in jou fliek om te verstaan. Wees vinniger om lief te hê en stil te word. Sing jou lied totdat ek verstaan. 1 Kor 13 help jou sekere goed verstaan en ander nie. Die Here is besig om die tappisserie van jou lewe te weef – die prent sal jy nog sien.
4 Junie	**Wie sien dit – wie sing dit?** Ons hoor baie preke. Ons wil deur musiek en fliek die Here se stem hoor. 'n Getuigskrif vertel hoe goed iemand is. 'n Geloofwaardige persoon sal nie net sommer 'n getuigskrif skryf nie. Hy sal die eerlike waarde van 'n persoon / tekortkominge skryf. Soms is dit nie lekker om te hoor van jou tekorte nie. 'n Persoon het 'n ander kant. Mense het ook 'n ander kant. Wat maak jy met opgehoopte emosies / seer / skuldgevoelens dat ons nie weet hoe om los te kom nie? Verwerping / woede kan ophoop totdat dit te swaar raak. Tot hoevér kan jy dit vat? Jy sing dalk 'n melodie maar die mense verstaan dit nie. Hoe moet jou fliek eindig? Die Here ken elke kind van Hom. Wat maak ons met verabale teistering, of hoor ons dat ons mede-rolspelers in die fliek is. Troos is dat dit nie te laat is nie – iemand na aan jou sit miskien in so 'n posisie. Die Here sê "moenie bang wees nie – Ek is by jou". Dit is nooit te laat vir die Here nie. Wat het ek om vir die wêreld te bied?
5 Junie	**Een lied, een fliek, een lewe** Wat sal die titel van jou lied wees wat jou lewe sal beskrywe? Wat sal die titel wees van jou fliek van die lewe? Soms gee die Here vir ons duidelike tekens. Waar begin verandering – moontlik by myself. As ons 'n veranedring in die kerk wil hê moet ek by myself begin. Wat het ek om vir die wêrel te bied? Wat het jy om waarde toe te voeg tot die gemeenskap/ God het volle vertroue in jou potensiaal en kapasiteit dat jy 'n verskil kan maak. Die standaard wat God aan ons stel is om hoog te mik. Doen dit voluit – moet nie terughou nie. Gee net jou beste want God het volle vertroue in jou. Jy het een kans. Mik hoog en gee jou beste.
6 Junie	**Drome kan uitwerk of verander** Die mosaiek kruis bestaan uit gebreekte sowel as heel stukke teëls. Dit is ook so met mense – daar is die wat heel is en ander wat stukkend is. Ons droom ook van die hemel en of ons sal ingaan. As ons droom – hoe lyk die prentjie in jou kop? Die Here sê Hy sal ons oorvloedig seën. Hoe sal ons drome wees as ons regtig luister na mekaar? Die Here sê jy moet luister as Hy praat. Partykeer werk ons drome anders uit as wat ons dit wil hê. Hoeveel kere beleef ons eerer teëspoed as voorspoed. God se seën is dalk op 'n ander manier. Sy droom vir jou lê dalk op 'n ander vlak met 'n draai om by jou droom uit te kom. God los nie vir ons nie. Hy gee waterdruppels as teken by die doop. Hy sal in die donkerste tye sowel as vreugdevolle tye by jou wees. Hy gee ook vir ons die Nagmaal as teken met die brood en wyn. Die Here sal jou altyd kan gebruik – stukkend of heel.

re#imagine Matriekfees! NOORDHOEK

Aan die einde van elke jaar kom matrieks van regoor die land bymekaar vir ‘n week van son en see, kuier, ontspan, vriende maak en sommer net “chill” naby die natuur en naby God. Moenie hierdie ongelooflike ervaring misloop nie!

Die Matriekfees word aangebied in samewerking met #imagine se nasionale bestuur en die Jeugkantoor van Communitas. Die koste vir die kamp is R1800 wat alles insluit behalwe vervoer. Om in te skryf, volg enige van die opsies hieronder. Skryf in voor 30 Junie en betaal slegs R1500, voor 30 September slegs R1600 en voor 31 Oktober R1700!

Vir meer info en om die inskrywing digitaal te voltooi, sluit aan by ons Facebook groep by: https://www.facebook.com/groups/159706121357796/ Epos reimaginematriekfees@gmail.com of skakel Faani by 083 856 1951.

April insameling

Ons herinner ons lidmate in die distrik aan die April Insameling waarvoor ons reeds R 67 400 ontvang het. Baie dankie! Ons het R 160 000 daarvoor begroot.

Vakansie!

SKOLE SLUIT VRYDAG 14 JUNIE-’n Aangename vakansie word almal toegewens!

Marita Coetzee (9) – Sandra Visser (9) – Franciska Willemse (9) – Garreth Wolmarans (9) – Ilze-Meré Rossouw (10) – Elizabeth van Huyssteen (10) – Aletia Bester (11) – Ludwig Bohlmann (11) – Manus Marais (11) – Rian Serdyn (11) – Sophia Carstens (12) – Leane Nortje (12) – Chantel Coetzee (13) – Melisa Reynolds (13) – Callie Bohlmann (14) – Johann Enslin (14) – Morkel Heydenrych (14) – Danie van der Westhuizen (14) – Lihan Buckle (15) – Anton du Toit (15) – Albertus Laing (15) – Joan Malan (15) – Hanna Pienaar (15) – Karlien Spangenberg (15)

Gedenkpilare

Ons is baie opgewonde oor die eerste fase se oprigting van 3 gedenkpilare in die kerk se tuin langs die konsistorie. Elke nis het plek vir twee kissies, en die koste daaraan verbonde is R2600. Indien u belangstel in die koop van ‘n nis kan u dit by die kerkkantoor bespreek en betaal. Wanneer dit nodig is om gravering op die granietsteen aan te bring sal die kerkkantoor vir u die nodige reëlings tref, maar u moet die kostes vir die gravering self vereffen, aangesien dit nie by die prys van die nis ingesluit is nie.